




1872-1929

In 1872 skryf Arnoldus Pannevis 'n brief wat aanvoer dat die Nederlandse Bybel nie meer vir die Afrikaner verstaanbaar is nie. Die Genootskap van Regte Afrikaners word gestig met die doel om die Bybel in die volkstaal beskikbaar te stel.



1889

Die Bybel in Afrikaans – *Dri Proewe* vertaal deur SJ du Toit, word onder beskerming van die Genootskap van Regte Afrikaners gepubliseer.



1893-1908

Génesis vertaal deur SJ du Toit en sy medewerkers verskyn in 1893. Die volgende boeke verskyn ook:

Di Evangelie vollens Mattéus (1895), *Di Openbaring van Jesus Christus* (1898), *Hooglied* (1905), *Di Psalme* (1907), *Handelinge en Markus* (1908).



1914-1916

Op 21 Augustus gee dr BB Keet 'n lesing op Stellenbosch waarin hy sy vertaling van die Bybel bepleit. Op 16 Mei 1916 neem die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk 'n besluit dat die Bybel in Afrikaans vertaal moet word.

1922

Die Vier Evangelieë en *die Psalme* word gepubliseer. Dit word gesien as slegs 'n oorsetting van die Nederlandse Statebybel. Daar word besluit om met 'n nuwe vertaling uit die brontekste te begin.

1929

Die *Vier Evangelies* en die *Psalms* verskyn.



Hierdie eerste poging om uit Hebreeus, Aramees en Grieks te vertaal, is suksesvol.



1933

Op 29 Mei 1933 land die eerste besending van 10 000 eksemplare van die Afrikaanse Bybel aan wal. Die Bybels word op 1 Junie by die Bybelhuis in Kaapstad uitgepak. Op 27 Augustus word die Bybel amptelik deur Afrikaanse kerke in gebruik te neem.



1941

Die volledige Braillebybel in Afrikaans word gepubliseer.

1953

In 1953, verskyn die hersiene uitgawe van die Bybel in Afrikaans. Die hersiening was hoofsaaklik taalkundig van aard.

1968

Op 5 Julie 1968 tydens 'n seminaar vir vertalers van die Afrikaanse Bybel word 'n eenparige besluit geneem om die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) te versoek om met 'n nuwe vertaling in Afrikaans te begin. Die Nasionale Raad van die BSA keur hierdie vertalingsversoek goed.

1970

Die eerste boeke van hierdie vertaling, insluitende Johannes word gepubliseer.

1975

Die Blye Boodskap, 'n nuwe vertaling van die vier Evangelies, Handelinge en Psalms sien die lig.

1979

Op 24 Augustus verskyn *Die Nuwe Testament en die Psalms*, 'n voorloper van die 1983-vertaling.

1983

Op 2 Desember word *Die Bybel: Nuwe vertaling* in Bybelhuis, Kaapstad bekendgestel.



1997

Die Kerk versoek 'n Bybelvertaling vir Doves. Op 3 Februarie 2008 ontvang die Afrikaanse Dowe gemeenskap die vertaling – slegs die tweede Bybel van sy soort in die wêreld.

2006

Na jare van navorsing versoek die kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik 'n Bybelvertaling wat meer brontekstegeïenteerd is.

2014

Die Nuwe Testament en Psalms van *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* word by die Groote Kerk in Kaapstad bekendgestel.

2020

As deel van die Bybelgenootskap se tweede eeufeesvieringe in 2020 word *Die Bybel: 2020-vertaling* op 29 November by die Kopanong Auditorium in Bloemfontein bekendgestel.

